

29 Sep 1906 - 29 Sep 2006

DIE SCHEFFLERS - 100 JAAR IN AFRIKA

Ter herdenking aan Oupa en Ouma Scheffler(Staklies) se troudag in Kaapstad

`n eeu gelede op 29 September 1906.

In Januarie 1905 bevind Oupa hom op `n sendingpos van die Berlynse Sending, naby Gutu in die destydse Masjonaland. Hy is 31, het al kwaai onder swartwaterkoors deurgeloop en is`n vrygesel wat die eensaamheid voel. Hy besluit om openhartig aan sy ou vriend en predikant, pastor Ewald Edelhoff in Oos-Pruise, oor die delikate saak van `n lewensmaat te skryf. So gou as wat die antwoord hierop met die destydse trae pos hom bereik, word twee dames se name en besonderhede aan hom toevertrou en stuur hy die beslissende kabel van net twee woorde: "Staklies, Scheffler".

En daarmee word ons Ouma, wat haar gewillig verklaar het om `n onbekende bruidegom en die woeste Afrika aan te durf, se lewe in een oomblik handomkeer verander.

Lydia Staklies, `n bekwame boekhoudster wat in Koenigsberg, Oos-Pruise gebore is, grootgeword en gewerk het en net buite die stad by haar ouers op hul kleinhoewe gewoon het, gee hierna haar eerste tree na die grootste avontuur van haar lewe. Begin Mei 1905 skryf Oupa sy eerste brief aan haar, asook een aan haar vader Sy antwoord hom in Junie met `n opgewekte, spontane, liewe brief . Hulle raak amptelik verloof en haar voorbereiding as sendelingsvrou begin onmiddellik. Sy moet Engels leer, die harmonium bemeester,`n bruidsuitset bymekaar kry, meubels uitsoek en laat verpak vir verskeping, asook `n verpligte mediese ondersoek ondergaan. Intussen wil sy natuurlik haar aanstaande Scheffler-skoonfamilie gaan besoek, wat sy dan ook verskeie kere doen.

Soos gebruiklik by die Berlynse Sending kon Lydia by `n spesiale Bybelhuis aansoek doen waar vroue-sendelinge en sendelingbruide op pad na die die buiteland opgelei en voorberei is. Lydia is aanvaar en het op 1 Maart 1906 (toevallig Oupa se twee-en-dertigste verjaarsdag), by Bybelhuis Malche begin en in `n Villa wat deel van die kompleks in `n pragtige omgewing was, tuisgegaan.. Sy was tot Junie daar saam met drie-en-dertig ander dames uit alle windstreke en het die hele ervaring geweldig geniet en baie leersaam en opwindend gevind.

Intussen diagnoseer die dokter onverwags `n hartklep-probleem by haar: sy is fisies dus nie `n goeie sendingveld-kandiaat nie; maar, die paartjie besluit om voort te gaan met hulle planne, waaraan daar spoedig ook ander meer drastiese veranderings sou kom. Dié keer is dit Oupa se gesondheid.. Reeds as kind swak en sieklik, kon hy na twee opeenvolgende aanvalle swartwaterkoors in Masjonaland wat hom byna sy lewe gekos het, nie langer in daardie malaria-klimaat oorleef nie. Die teorie was dat die kina wat hulle teen malaria moes drink, hierdie koors veroorsaak het. Hoe graag hy ookal wou, want hy het elke oomblik van sy werk geniet, moes hy `n besoekende dokter asook die N.G.-Sendingarts, dr.Helm, se raad volg en Kimberley toe vertrek waar hy`n derde aanval net-net oorlewe het. Vir Oupa was hierdie afskeid van Masjonaland moeiliker as sy vertrek uit Duitsland. Dit was die einde van `n jeug- en lewenslange droom, maar terselfdertyd die begin van `n interessante nuwe lewensfase met geweldige uitdagings.

Die verloofdes se korrespondensie word intussen ywerig voortgesit, en uit die gepubliseerde, soms net een of enkele sinne per brief, van hierdie groot aantal volkome openhartige korrespondensie, leer ons ons jong grootouers ken as twee gelowige, beskaafde, intelligente, welsprekende en ingeligte mense. Hulle kon albei hul gedagtes en gevoelens goed verwoord en het in hierdie korrespondensie enige probleme en haakplekke rustig en logies bespreek en tot `n verstandige ooreenkoms gekom. Dit was iets wat hulle lewenslank volgehou het as basis van hul buitegewooon liefdevolle en volwasse huwelik. Lydia en Fritz het werklik`n opreg gelukkige huwelik van 31 jaar gehad, volgens die getuienis van almal wat hulle geken het. Dit gryp mens aan die hart dat hy hierdie liewe eggenoot, beste vriendin en lewensmaat eers so lank moes sien ly en later dekades lank - tot amper in sy drie- en -negentigste jaar - eensaam moes voortgaan.

`n Jaar en vier maade na daardie eerste briewe, vandag presies `n eeu gelede, kom Ouma Lydia dus alleen met die Duitse boot "Feldmarschall" in Kaapstad aan . Volgens Tannie Ruth, was Ouma heel verbaas oor Kaapstad so klein was: Mens kon `n hele paar van hulle in Koenigsberg inpas, was haar kommentaar. Sy`t `n stad verwag ! Oupa was egter op die kaai om haar deur alles te help; hulle sou mekaar natuurlik van fotos herken het. Hul lang, informele en hartlike korrespondensie sou hulle in staat gestel het om soos bekendes gemaklik te gesels, maar dit was wel deeglik hul eerste persoonlike ontmoeting! En dit moes spannend gewees het. Die troue sou nog dieselfde dag plaasvind!

Ouma sou by die Pastorie verklee het, en die persoon in Pruise wat haar trourok gemaak het, het gedagtig aan die huwelik onder sulke onbekende omstandighede, `n klein ruiker van kunsblomme

bygevoeg, net ingeval! Kort daarna is ons grootouers in die St. Matini-kerk in Langstraat deur pastor Fuchs in die huwelik bevestig. In die huweliksregister staan duidelik Ouma se sterk handtekening, asook Oupa s`n. Syne wel as F.K, ipv F.C. Volgens dokumente van Oupa uit die vaderland, blyk dit dat hy daar wel as Karl bekend was, en hier later kennelik verkies het om die ander spelvorm te gebruik. Ons het hom nooit anders as Friedrich Carl geken nie. Die feit dat hy hier in Afrika in `n Britse omgewing was, mag dalk `n oorweging vir sy besluit gewees het.

Ouma het in daardie stadium reeds die een en ander van haar eerste huis op Herbertsdale geweet want Oupa het haar `n goeie beskrywing in sy laaste brief van 9 Augustus 1906 gegee. Daar was ses vertrekke plus kombuis en spens, asook `n groot solder met verskillende kamers. `n Groot bonus was die uitgebreide tuin en vrugteboord en in die groentetuin het Oupa reeds aartappels laat plant en die wingerd was gesnoei. Die huis was egter maar leeg aangesien sy meubels uit Masjonaland nog moes kom.. Maar, hulle sou eers Ladismith toe gaan vir die sinodesitting.: `n kort huweliksreis dus, voor hul finale tuiskoms op Herbertsdale. En, soos ons daardie dorpie vandag nog ken, moes Herbertsdale vir haar seer sekerlik klein gelyk het!

Dit was daar in die Berlynse pastorie waar hul eersteling, Anni, op 22 Januarie 1908 gebore is en presies dieselfde huis waar Anni Stroebel in Desember 1932 as bruid en pastorievrou ingestap het.! Die N.G. Kerk het naamlik al voor 1913 begin onderhandel om die kerk, pastorie en uitgebreide gronde van die Berlynse Sending te koop en het toe al geruime tyd net die pastorie eers van die Genootskap gehuur. Die 1914-1918 oorlog en gevolglike probleme het hiertoe bygedra..

Die res, soos ons weet, is ons familie-geskiedenis in Suid-Afrika.

Met groot erkentlikheid aan Oom Hans Scheffler en Alba Bouwer vir hul keur uit ons grootouers se korrespondensie: "Liewe Lydia~Liewe Fritz", Tafelberg-Uitgewers BPK 1972; aan my man Jan vir sy hulp met die fotos, asook aan Theodor Scheffler vir verskeie feite-regstellings en byvoegings.

Protea Hubregtse (Stroebel)

Durbanville

29 September 2006

Fotos:

Bls 1. Oupa na ernstige siekte in Masjonaland.

Oupa, pas afgestudeer as jong sendeling in Berlyn.

Lydia Staklies, verlowingsfoto?

Bls 2. Lydia se moeder met haar eerste kleinkind (Lena Zipplies) by hulle huis op die hoewe buite Koenigsberg. Die jong man links is heel waarskynlik Lena se pappa, Helmuth Zipplies by wie ek nog in 1959 aan huis gekuier het.

Hier by Bybelhuis en Villa Malche het Ouma haar voorberei vir sendingwerk. Haar kamervenster is op die heel boonste verdieping van die Villa (op links) , tweede venster va regs. (met 'n kruisie op die dak gemerk.)

Ouma saam met kollegas en lektrises; sy is regs voor.

Bls 3. Lydia Staklies op besoek en kennismaking by haar aanstaande skoonvader en skoonsuster

Die troue in Kaapstad.

Eerste woonhuis: die Berlynse pastorie (later N.G.) op Herbertsdale, naby Mosselbaai.

Bls 4 .Oupa op Mosselbaai, voor die Tecoma-heining met rietbos op die agtergrond, met sy vier seuns : Andre en Theo weerskante van hom, Ewald en Hans voor. Die jong egpaar met h eersteling, Anni.Ouma met Anni wat Lydia, hul eerste kleinkind verwag, in die tuin op Mosselbaai. Ouma en haar Rutchen voor die stoep van die pastorie in Montagustraat



A. Grueger
BERLIN, N.O.
NEU-WEISSENSEE



Bibelhaus

Villa Malche